

GEDRAGSKODE VHS



2024

VHS

INHOUD

1.	Inleiding	4
1.1	Visie	4
1.2	Missie	4
1.3	Verwysing na wette.....	4
1.4	Doelstellings.....	4
1.5	Waardes	4
1.6	Regte van Partye	5
1.7	Verantwoordelikhede	5
2.	Skoolreëls	8
2.1	Busse en roetes	8
2.2	Skoolterrein	8
2.3	In klaskamer en tydens klaswisseling.....	9
2.4	Saalbyeenkomste	9
2.5	Kleredrag / Voorkoms	9
2.6	Sport / Buitemuurs / Skoolfunksies	13
2.7	Openbaar	13
2.8	Afwesigheid	13
2.9	Administratief.....	14
2.10	Motorvoertuie / motorfietse / fietse	14
2.11	Verbode middels / artikels	14
2.12	Elektroniese toestelle.....	15
2.13	Skoleiendom	15
2.14	Skoolwerk & Huiswerk.....	15
2.15	Toetse en eksamens.....	16
2.16	Boelie / Afknouery (Liggaamlik of Emosioneel).....	16
2.17	Godsdiensvryheid.....	16
2.18	Persoonlike besittings	17
2.19	Nasionale simbole, skoolkodes en –etiek	17
3	Dissiplinêre proses	18
3A	SASPAC PUNTE.....	19
3.1	GRAAD 1.....	19
3.2	GRAAD 2.....	20
3.3	GRAAD 3.....	21
3.4	GRAAD 4.....	22

BYLAE A: BELEID TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN SELFONE, ELEKTRONIESE TOESTELLE EN SOSIALE MEDIA.....	25
BYLAE B : BELEID OP AKKOMMODERING VAN GODSDIENSTIGE- EN KULTURELE REGTE..	30
BYLAE C : DWEMBELEID.....	33
BYLAE D : WAPENS EN DWELMVRYE OPENBARE SKOLE	38

1. Inleiding

1.1 Visie

Elke jong volwassene wat Hoërskool Vredenburg verlaat, sal bemaatig wees om 'n aktiewe, selfonderhoudende, bydraende lid van die samelewing te wees en oor die vermoë beskik om 'n positiewe verskil te maak.

1.2 Missie

Ons strew na effektiewe onderrig, gegrond op sterk morele waardes en beginsels, op akademiese, kulturele en sportgebied. Ons wil deur samewerking en betrokkenheid tussen ouer, leerder en opvoeder/fasiliteerder 'n ordelike gedissiplineerde omgewing daarstel, waar elke leerder sy volle potensiaal kan bereik.

1.3 Verwysing na wette

Die gedragkode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ("die Skolewet"); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragkode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van 12 Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

1.4 Doelstellings

'n Veilige leeromgewing waarbinne elke leerder sy/haar volle potensiaal doelgerig, gedissiplineerd en ongehinderd kan najaag en elke opvoeder eweneens sy/haar maksimum aandag en tyd aan onderrig- en opvoedingstaak kan spandeer.

1.5 Waardes

1.5.1 **Respek en Eerlikheid**

Respek vra van my om onderwysers as gesagsfigure te respekteer, trots op myself en my optrede te wees en alle mense om my se waardigheid te erken en hul standpunte te respekteer. Dit beteken ook dat ek my skool en ander se eiendom sal respekteer.

1.5.2 **Lojaliteit en Omgee**

Lojaliteit vra van my om positief teenoor my skool te wees en aktief mee te werk om die skool 'n beter plek te maak en VHS se beeld positief uit te dra as leerder en oudleerder.

1.5.3 **Toewyding en Positiewe ingestedheid**

Toewyding beteken dat ek alles wat ek aanpak, met oorgawe en na die beste van my vermoë sal voltooi.

1.5.4 **Sosiale verantwoordelikheid**

Sosiale verantwoordelikheid beteken dat ek besef dat ek deel is van 'n groter wêreld. Ek het 'n verantwoordelikheid teenoor my gemeenskap, my land en my omgewing. Ek moet bewus wees van en betrokke raak by sosiale- en omgewingskwessies. Hoewel die wêreld 'n groot plek is, kan ek steeds 'n verskil maak.

1.6 **Regte van Partye**

1.6.1 **Opvoeder**

- 1.6.1.1 om gerespekteer te word deur die leerders, ouers en Beheerliggaam.
- 1.6.1.2 om in 'n veilige omgewing te werk.
- 1.6.1.3 om in 'n netjiese, goedversorgde omgewing te werk.
- 1.6.1.4 om samewerking van leerders in die klas te kry.
- 1.6.1.5 om ondersteun te word deur die Beheerliggaam in sy/haar onderrigtaak.
- 1.6.1.6 om binne die dissiplinêre kode leerders wat die klas ontwrig, ná 'n regverdigde oordeel, toegang tot die klas te weier.

1.6.2 **Leerders**

- 1.6.2.1 om ongehinderd te leer en onderrig te word.
- 1.6.2.2 om opvoeding te ontvang en waar prakties moontlik, vakke van hulle eie keuse te neem, binne die gegewe kurrikulum en standarde soos voorgeskryf deur die WKOD.
- 1.6.2.3 om gereeld terugvoering te ontvang van hulle vordering in akademiese- en ander ontwikkelingsprosesse.
- 1.6.2.4 om nie gedwing te word om iets teen hul geloofsbeginsels te doen of by te woon nie. Daar moet egter voldoende bewys gelewer kan word dat dit 'n beginsel van 'n erkende geloof is.
- 1.6.2.5 om gelyk, regverdig en konsekwent behandel te word.
- 1.6.2.6 om doelgerigte onderrig te ontvang.

1.7 **Verantwoordelikhede**

1.7.1 **Opvoeders**

- 1.7.1.1 elke dag kurrikulum gebaseerde onderrig te gee.
- 1.7.1.2 betyds op te daag vir werk/klas/geleenthede.

- 1.7.1.3 elke dag voor te berei sodat die program interessant en aktueel is t.o.v. die belangstelling en vermoëns van die leerders.
- 1.7.1.4 goeie interpersoonlike verhoudings met die leerders, ouers, kollegas en die beheerliggaam te ontwikkel.
- 1.7.1.5 op 'n verantwoordelike en professionele wyse op te tree, sodat die leerders hulle voorbeeld kan navolg.
- 1.7.1.6 effektiewe onderrigtegnieke toe te pas.
- 1.7.1.7 om 'n atmosfeer in die klaskamer te skep wat respek, dissipline en goeie gedrag sal stimuleer sodat effektiewe onderrig kan plaasvind.
- 1.7.1.8 om die regte van die kinders en ouers te respekteer.
- 1.7.1.9 Onderwyser moet 'n rolmodel wees vir leerders.

1.7.2 Leerders

- 1.7.2.1 elke dag skool en klasse stiptelik by te woon.
- 1.7.2.2 alle werksopdragte betyds te voltooi.
- 1.7.2.3 mekaar se eiendom, die skoolgeboue, -toerusting en -terrein te respekteer.
- 1.7.2.4 verantwoordelik te wees vir sy / haar eie werk.
- 1.7.2.5 op 'n verantwoordelike wyse op te tree sodat ander se veiligheid nie in gedrang kom nie.
- 1.7.2.6 die gedragskode, klasreëls, prosedures en standarde van die skool te gehoorsaam.
- 1.7.2.7 die gesag en die regte van dié wat oor ons aangestel is te eerbiedig.
- 1.7.2.8 respek vir alle opvoeders, ander volwassenes en medeleerders te hê.
- 1.7.2.9 netjies en higiënies op sy / haar persoon te wees.
- 1.7.2.10 medeverantwoordelikheid te neem vir die algemene netheid van die skoolterrein.
- 1.7.2.11 te alle tye 'n positiewe beeld van VHS uit te dra op die skoolterrein, sportveld sowel as in die gemeenskap.
- 1.7.2.12 eie handboeke, tasse, sportsakke en toer-uitrusting.

1.7.3 Ouers

- 1.7.3.1 die skool se beheerliggaam ondersteun met sy pligte.
- 1.7.3.2 reageer op kennisgewings van die skool waarin 'n reaksie verwag word.
- 1.7.3.3 vergaderings wat deur opvoeders of beheerliggaam belê word by te woon.
- 1.7.3.4 verseker dat hul kinders die skool en/of skoolfunksies gereeld en stiptelik bywoon en aanvaarbare skriftelike redes vir enige afwesigheid verskaf.
- 1.7.3.5 die leerder persoonlik vergesel en verskoning aanbied in gevalle waar laatkom onvermydelik is - veral tydens eksamens is vroegetydige verwittiging noodsaaklik.
- 1.7.3.6 die graadvoogde inlig van enige aangeleentheid wat 'n invloed mag hê op die kind se algemene welsyn.
- 1.7.3.7 moet as primêre opvoeder sy kind met liefde opvoed.
- 1.7.3.8 die primêre dissiplineerder van die leerder wees.

- 1.7.3.9 staan in vennootskap met die skool om die gemeenskaplike waardes te vestig en in stand te hou.
- 1.7.3.10 alle fasette en terreine van sy kind se ontwikkeling ondersteun.
- 1.7.3.11 toesien dat sy / haar kind die skool netjies en goedversorgd bywoon.
- 1.7.3.12 die skool of individu vergoed vir enige beskadiging van eiendom, hetsy met opset of per ongeluk.
- 1.7.3.13 die skoolfonds, soos bepaal in terme van Artikel 40 van die SA Skolewet 84 van 1996, te betaal.
- 1.7.3.14 busgeld betaal soos van toepassing.
- 1.7.3.15 om die opvoeders met respek te behandel en hulle nie voor leerders neerhalend te bespreek nie.

1.7.4 Beheerliggaam

- 1.7.4.1 die skool, in samewerking met die bestuurspan, objektief te bestuur.
- 1.7.4.2 die verloop van dissiplinêre prosesse te bestuur en te monitor.
- 1.7.4.3 die belange van die leerders en opvoeders konsekwent beskerm.
- 1.7.4.4 in 'n sterk vertrouensverhouding tot die bestuur van die skool staan.
- 1.7.4.5 om as tussenganger op te tree tussen die ouers en die skoolbestuurspan.

2. Skoolreëls

Enige oortreding van onderstaande reëlings/reëls is onderworpe aan die dissiplinêre- en tugprosesse van die skool. (Sien punt 3)

2.1 Busse en roetes

- 2.1.1 Busse word beskou as 'n uitbreiding van die skool; daarom geld alle gedragsreëls soos op die skoolterrein.
- 2.1.2 Die skool behou die reg voor om enige leerder wat hom/haar wangedra die busse te belet.
- 2.1.3 Die skool behou die reg voor om enige leerder wat nie busgeld betaal nie van die busdiens uit te sluit.
- 2.1.4 Dit is die verantwoordelikheid van ouers/voogde om te verseker dat buskaartjies vroegtydig gekoop word.
- 2.1.5 Die busbestuurder word gesien as 'n verteenwoordiger van VHS se personeel.

2.2 Skoolterrein

2.2.1 Toegang

- 2.2.1.1 Geen leerder mag die ontvangsportaal as toegang gebruik nie, tensy vergesel deur 'n voog/ouer. Die deur langs die hoofingang mag nie aan die begin of die einde van die skooldag deur leerders gebruik word nie.
- 2.2.1.2 Tydens normale skoolure mag leerders slegs die skool se hoofhek gebruik vir toegang tot die terrein.
- 2.2.1.3 Die klein hekkie (skoolstraat) sal vir 10 min nadat die skoolklok gelui het aan die einde van die dag oopgesluit word.

2.2.2 Terreine

Die volgende is buite perke vir leerders behalwe onder toesig of gemagtig deur 'n onderwyser:

- 2.2.2.1 Kleedkamers vir volwassenes by Ontvangs.
- 2.2.2.2 Die skoolsaal.
- 2.2.2.3 Personeelkamer en gang tussen Ontvangs en Adjunkhoofdekantere.
- 2.2.2.4 Die werkerskwartiere.
- 2.2.2.5 Personeel- en busparkeerarea.
- 2.2.2.6 Alle sportvelde tussen skoolure, uitgesluit pouses
- 2.2.2.7 Die terrein tussen die hoofgebou en die opslaanklaskamers

2.2.3 Gedrag

- 2.2.3.1 Geen balspele in vierkante.
- 2.2.3.2 Geen kontak mag gemaak word met persone buite die skoolterrein tydens pouses nie. Niks mag oor die heining aangegee word nie.
- 2.2.3.3 Kleedkamers word slegs gebruik soos aangedui ten opsigte van graad en geslag.
- 2.2.3.4 Kleedkamers mag slegs voor skool, tydens pouses en met

toestemming van 'n onderwyser gebruik word.

- 2.2.3.5 Geen onbetaamlike fisiese kontak tussen leerders nie. Dit sluit enige romantiese aktiwiteit in, bv. hande vashou, soen, ens.
- 2.2.3.6 Geen skaatse/skaatsplanke of soortgelyke toerusting nie.
- 2.2.3.7 Geen taalgebruik wat buite die raamwerk van hoflikheid, respek en beleefdheid, soos van toepassing in n professionele omgewing, val nie. Dit sluit in, maar is nie beperk tot: kragwoorde, vloektaal, afbrekende taal, spottende taal of woorde wat aanstoot gee.
- 2.2.3.8 Geen vandalisme van die skool of enige individu se eiendom en rommelstrooi nie.
- 2.2.3.9 Geen kougom mag op die skoolterrein gekou word nie.

2.3 In klaskamer en tydens klaswisseling

- 2.3.1 Ordelikheid, stiptelikheid is 'n vereiste wanneer leerders aantree, verdaag of van lokale verwissel.
- 2.3.2 Beweging geskied aan die linkerkant van gange en in enkelrye.
- 2.3.3 Beweging moet flink geskied.
- 2.3.4 Alle klaswisselings geskied binne die skoolgebou.
- 2.3.5 Geen kleedkamerbesoeke tydens klaswisseling nie.
- 2.3.6 Leerders mag nie tydens klasse eet of drink nie.
- 2.3.7 Enige oortreding van algemene of individuele klasreëls sal as 'n oortreding van hierdie gedragkode en skoolreëls beskou word.
- 2.3.8 Leerders moet binne die vasgestelde tyd (voor tweede klok) in die klas wees.
- 2.3.9 Leerders mag slegs buite die klas wees met die toestemming van 'n onderwyser.

2.4 Saalbyeenkomste

- 2.4.1 Alle leerders moet die saalbyeenkomste bywoon, tensy skriftelik anders deur ouers gereël: Godsdienstige of mediese redes.
- 2.4.2 Daar moet stilte heers en respek betoon word.
- 2.4.3 Leerders moet eerbied betoon tydens die sing van die skoollied en volkslied.
- 2.4.4 Geen luidrugtige geskree, gefluit, geluide of onvanpaste aanmerkings – slegs handeklap as applous.
- 2.4.5 Skoolbaadjies is verpligtend.

2.5 Kleredrag / Voorkoms

Die doel van hierdie voorskrifte is om eenvormigheid te bewerkstellig, trots te kweek en 'n goeie eerste indruk van die skool te skep. Leerders se voorkoms moet te alle tye aan algemeen aanvaarde standarde van sindelikheid, netheid en stylvolheid, soos wat by 'n skooluniform pas, voldoen. Die dissiplinêre hoof(de) behou die reg voor om onvanpaste voorkoms aan te spreek en op regstelling aan te dring. Weiering tot samewerking, sal toepaslike dissiplinêre stappe tot gevolg hê.

2.5.1 SEUNS

- 2.5.1.1 Grys langbroek/grys kortbroek met swart, bruin of grys lyfband – geen uitspattige gespes.
- 2.5.1.2 Broeke moet op normale heuphoogte gedra word en moet van aanvaarbare lengte vir mansdrag wees.
- 2.5.1.3 Langbroeke moet netjies gestik wees en geen ritsluiters mag in die pype ingesit word nie.
- 2.5.1.4 Geen onderklere mag uitsteek nie.
- 2.5.1.5 Wit skoolhemp (met 'n toeknoopkraag) met skooldas – hemp altyd ingestek.
- 2.5.1.6 Geen gekleurde / geskrewe T-hemde mag deurskyn of uitsteek nie.
- 2.5.1.7 Grys sokkies en swart veter-tipe skoolskoene met swart sole (geen suede, platform of steweltipe).

2.5.2 **DOGTERS**

- 2.5.2.1 Wit oopnek skoolhemp saam met ligblou prinses-styl skoolrok vir die somer.
- 2.5.2.2 Wit skoolhemp, grys langbroek en skooldas (winter en somer)
- 2.5.2.3 Langbroeke moet op normale heuphoogte gedra word en moet n aanvaarbare lengte wees.
- 2.5.2.4 Skoolrok moet 'n betaamlike lengte wees. Rokke se lengte mag nie korter wees as 4 vingers bo die knie wanneer staande en mag nie onder die knie wees nie.
- 2.5.2.5 Geen onderklere mag uitsteek of deurskyn nie.
- 2.5.2.6 Geen gekleurde / geskrewe T-hemde mag deurskyn of uitsteek nie.
- 2.5.2.7 Wit, enkellengte sokkies by skoolrok en grys sokkies by langbroek.
- 2.5.2.8 Swart lang kouse by 'n rok in die winter.
- 2.5.2.9 Slegs swart / donkerblou oefenbroeke (lycra) mag onder rokke gedra word, maar dit mag nie onder die rok se soom uitsteek nie.
- 2.5.2.10 Swart skoolskoene (moet vasgemaak wees).
- 2.5.2.11 Hoofbedekking wat vir geloofsoortuiging goedgekeur is in terme van Bylae B, moet swart wees.

2.5.3 **ALGEMEEN**

2.5.3.1 **Kleredrag**

- a) Blou skooltrui is opsioneel.
- b) Blou skoolbaadjie is opsioneel, maar verpligtend op Maandae en verpligtend gedurende die winter.
- c) Slegs skoolbeanies en skoolserpe mag gedra word. Beanies mag nie binne die skoolgebou gedra word nie.
- d) Geen serpe of beanies tydens somer.
- e) Slegs kobaltblou / donkerblou / swart effekleur handskoene.
- f) Leerders met erekleure moet alle blou kledingstukke (trui/serp/handskoene/beanie) met swart vervang.
- g) Geen komberse, stola, tjalie.
- h) Alle klere moet netjiese pasgrootte wees.

2.5.3.2 **Skooltasse**

- a) slegs donkerblou of swart effekleur tasse.
- b) geen geskryf (pen of tippex) op tas.

2.5.3.3 **Matriekbaadjie/trui**

- a) Matriekbaadjies mag slegs op Dinsdae - Vrydae en tydens eksamentyd gedra word.
- b) Matriektrui mag elke skooldag gedra word.
- c) Mag nie onder skoolbaadjies gedra word nie.
- d) Volle skooldrag moet onder matriekdrag gedra word.
- e) Mag nie tydens saalbyeenkoms en/of formele funksies gedra word nie.

2.5.3.4 **Eerstespandrag**

Mag slegs gedra word soos deur die skoolhoof bepaal en aangekondig word.

2.5.3.5 **Tatoeëring / Liggaamskuns**

Tatoeëmerke en liggaamskuns word ontmoedig en mag nie sigbaar wees wanneer die skool verteenwoordig word tydens sportoefeninge, skoolfunksies en -aktiwiteite nie.

2.5.3.6 **Lapelbalkies / Wapens**

Slegs skool goedgekeurde lapelbalkies is toelaatbaar.

2.5.3.7 **Juweliersware**

DOGTERS

Die enigste toelaatbare juwele is 'n polshorlosie en oorbelle wat aan die volgende vereistes voldoen:

- slegs een ooreenstemmende item per oor in die laagste gaatjie van die oorlel.
- slegs klein silwer/goue ooringe of silwer/goue ronde knoppie ("studs").
- GEEN kostuumjuwele of steentjies nie.
- GEEN liggaams juweliersware nie (neusringe en neusknoppies, wenkbrou en tong juwele, ens)

SEUNS

Die enigste toelaatbare juwele is 'n polshorlosie.

2.5.3.8 **Grimering**

Geen grimering mag saam met enige amptelike skooldrag gedra word nie. Geen vlas wimpers of wimper-verlengings nie.

2.5.3.10 Naels

- Kort en skoon (as daar van die palm se kant na die hand gekyk word, mag die nael nie oorsteek nie).
- Geen naelpolitoer.
- Geen kunsmatige/akriliese/gel naels word toegelaat nie.

2.5.3.11 Hare

DOGTERS

- a) Hare moet te alle tye skoon en netjies vertoon.
- b) Geen gekleurde hare of strepies (highlights) word toegelaat nie.
- c) Hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word.
- d) Alle vorme van haarbykomstighede moet by die skool se uniform pas (slegs wit, blou, rooi en ook swart vir erekleure) en mag nie versier wees nie.
- e) Lang slierte en kuiwe moet vasgesteek word sodat dit nie aan die wenkbroue raak of voor/agter die ore hang nie.
- f) "Dreadlocks" as gevolg van godsdienstige orentasie mag slegs met toestemming van die skoolbeheerliggaam ingevolge Bylae B toegelaat word.
- g) "Braids" mag slegs donkerbruin of swart wees. Dit mag nie los hang nie, maar moet vasgemaak word.

SEUNS

- h) Hare moet kort en netjies wees.
- i) Hare mag nie oor die kraag hang nie.
- j) Hare mag nie oor die bopunt van die oor hang nie.
- k) Wanneer die hare vorentoe gekam word, mag die kuif nie aan die wenkbroue raak nie.
- l) "Dreadlocks" as gevolge van godsdienstige orientasie, mag slegs met toestemming van die skoolbeheerliggaam ingevolge Bylae B toegelaat word.
- m) Geen patrone mag ingeskeer word nie, slegs een ingeskeerde streep as 'n paadjie is aanvaarbaar.
- n) Hare mag gevleg word met voorbehoud dat dit binne die lengte beperkings val, netjies is, nie die kopvel bloot laat nie en nie n toingrige haarstyl is nie..
- o) Geen *mohawks, mullets, steps, undercuts, man buns* en boksterte nie.
- p) Wangbaarde mag hoogstens tot by die middel van die oor strek (oorknoppe).
- q) Seuns moet te alle tye skoongeskeer (baard en snor) wees met enige skooldrag of tydens enige skoolfunksie.
- r) Geen gekleurde hare of strepies (highlight) word toegelaat nie.
- s) Geen patrone mag in wenkbroue geskeer word nie.

2.6 Sport / Buitemuurs / Skoolfunksies

- 2.6.1 Daar word van alle leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem, verwag om by die sportbyeenkoms aan te kom, of die busse te betree, ten volle geklee in skooldrag of skoolsportdrag (sweethakke) wanneer so deur die afrigters/ skoolhoof gemagtig word. Dieselfde sal geld na deelname of op die retoerbusritte
- 2.6.2 Tydens amptelike wedstryde / sportdae teen ander skole, moet beide spelers en toeskouerleerders in volle skooldrag of skoolsweethakke (soos deur afrigter besluit) geklee wees wanneer hulle nie deelneem nie.
- 2.6.3 Voorgeskrewe skool- en sportdrag is verpligtend vir skoolbywoning, amptelike skoolaangeleenthede en deelname aan georganiseerde sportaktiwiteite, skooltoere of -uitstappies, tensy anders gereël vir spesifieke geleenthede.
- 2.6.4 Wanneer skooldrag gedra word, bv. vir bywoning van sportwedstryde, asook ná skool moet dit volledig wees en nie met siviele drag gemeng word nie.
- 2.6.5 Geen geriewe van die skool is beskikbaar vir sport op Sondag nie.
- 2.6.6 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal, benewens die nakoming van die bepalings van hierdie gedragskode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike, onsportiewe gedrag weerhou. In die besonder mag leerders nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie.
- 2.6.7 Alle rooikaart-beslissings sal deur die skoolhoof hanteer word.

2.7 Openbaar

- 2.7.1 Geen leerder(s) mag aan stakings, onbehoorlike optredes of protesaksies in skoolklere of gedurende skoolure deelneem nie.
- 2.7.2 Geen negatiewe gedrag in die openbaar terwyl in enige vorm van skooldrag geklee is of uitgeken kan word as 'n leerder van VHS nie, bv. rook, gebruik van alkohol, diefstal, ens.

2.8 Afwesigheid

- 2.8.1 'n Leerder wat afwesig was, moet op die eerste dag ná sy/haar afwesigheid 'n verduidelikende skrywe (vanaf ouers / voog / kliniek / mediese praktisyn) gedurende die registerperiode aan die registeronderwyser gee. Alternatiewelik kan ouers/voogde die skool direk via e-pos met die rede vir die afwesigheid inlig en reëlings tref aangaande klas- en huiswerk.
- 2.8.2 Gedurende skoolure word dringende verlof om die skoolterrein te verlaat alleenlik deur die graadvoog in die vorm van 'n toestemmingsbrief verleen.
- 2.8.3 Afsprake tydens skoolure moet ten minste 'n dag vooraf met die graadvoog gereël word.
- 2.8.4 Leerders wat tydens skoolure siek word, mag nie self 'n ouer/voog skakel om hom/haar te kom haal nie. Die leerder moet self die graadhoof gaan spreek en toestemming ontvang. Slegs dan sal die kantoor die ouer/voog kontak.

- 2.8.5 Tydens eksamens of enige ander formele assessering moet die ouer/voog dadelik die skool in kennis stel. Hierdie afwesigheid sal slegs aanvaar word indien stawende dokument(e) soos bv. 'n mediese sertifikaat / doodsertifikaat verskaf word.

2.9 Administratief

- 2.9.1 Leerders mag die finansiële kantoor slegs gedurende registerperiodes, pouses of voor/na skool besoek.
- 2.9.2 Vrystelling van LO sal slegs toegestaan word as 'n mediese sertifikaat/ skriftelike versoek van die ouer/voog ontvang word.
- 2.9.3 Boeke
- 2.9.3.1 Leerders moet alle handboeke wat aan hulle uitgereik is, van 'n goeie dik plastiek oortreksel voorsien.
- 2.9.3.2 Indien 'n boek verloor of ernstig beskadig word, moet hy/sy die vervangingskoste by die finansiële kantoor inbetaal en die kwitansie vir die verantwoordelike onderwyser gee. 'n Ander handboek sal dan uitgereik word.
- 2.9.3.3 Die eienaarskapstempel voor in die handboek moet volledig ingevul word.
- 2.9.3.4 Indien 'n leerder die skool verlaat, sal 'n vertreksertifikaat slegs uitgereik word indien al die handboeke wat aan die skool behoort, ingehandig is.

2.10 Motorvoertuie / motorfietse / fietse

- 2.10.1 Geen leerder mag 'n motorvoertuig of motorfiets op die skoolterrein bestuur sonder 'n wettige lisensie nie.
- 2.10.2 'n Motorvoertuig of -fiets deur 'n leerder/ouer bestuur, mag nooit 'n gevaar of moontlike nadeel vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein inhou nie.
- 2.10.3 Slegs motorfietse mag tydens skoolure op die skoolterrein (op die toegewysde area) parkeer word. Dit moet na skoolsluiting tot buite die skoolterrein gestoot word voordat dit aangeskakel word; daar mag nie tussen ander leerders of op die skoolgronde gery word nie, ongeag hoe stadig.

2.11 Verbode middels / artikels

Die volgende lys word beskou as verbode middels op die skoolterrein, maar is nie beperk tot slegs hierdie lys nie:

- 2.11.1 Enige vorm van tabak of e-sigarette/*vapes*.
- 2.11.2 Vuurhoutjies/sigaretaanstekers.
- 2.11.3 Steroïdes.
- 2.11.4 Dwelmmiddels / gewoontevormende middels.
- 2.11.5 Dagga.
- 2.11.6 Enige vorm van alkohol.

- 2.11.7 Geen skedulemedikasie sonder die nodige voorskrif nie.
- 2.11.8 Oplosmiddels, petroleum -produkte, chemiese middels.
- 2.11.9 Selfverdedigingsproei
- 2.11.10 Plofstowwe / vlambare items / vlambare middels.
- 2.11.11 Skerp voorwerpe, skerppunt-skêre.
- 2.11.12 Wapens van enige aard of voorwerpe wat ooglopend as wapens aangewend sou kon word.

Wanneer 'n leerder op enige stadium hom- / haarself skuldig maak aan ongewenste gedrag of daar bestaan n redelike vermoede dat die leerder onder die invloed of inbesit is van verbode middels of voorwerpe, behou die skool sonder ouers se toestemming die reg voor om die leerder en sy / haar besittings sonder ouers se toestemming te deursoek en hom / haar te toets / laat toets vir verbode middels sonder die ouers se toestemming.

2.12 Elektroniese toestelle

Sien Beleid ten opigte van selfone, elektroniese toestelle en sosiale media - Bylae A

2.13 Skooleiendom

Skooleiendom sluit in:

- a) die grond en geboue wat deur die skool beset word en enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue,
 - b) alle ander eiendom insluitende toerusting, sporttoerusting, boeke, voorraad, voertuie,
 - c) enige elektroniese toerusting.
- 2.13.1 Geen leerling mag doelbewus of weens nalatigheid enige skooleiendom beskadig, vernietig of van die skoolterrein verwyder sonder die toestemming van die skoolhoof of 'n opvoeder nie.
 - 2.13.2 Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders en besoekers aan die skool sonder toestemming hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Dit geld ook wanneer ander skole of enige ander instansies besoek word.
 - 2.13.3 Leerders wat enige eiendom opsetlik misbruik, beskadig of verniel, moet dit vervang of daarvoor betaal.
 - 2.13.4 Elke leerder is verplig om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit gebruik kan word tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders.
 - 2.13.5 Die versuim om enige sodanige optrede te rapporteer is 'n Graad 3-oortreding.

2.14 Skoolwerk & Huiswerk

Daar word verwag dat elke leerder sy/haar voorgeskrewe skoolwerk en huiswerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding sal doen, om sodoende deurlopende goeie werksetiek te ontwikkel. Daar word van ouers verwag om te verseker dat leerder se werk ten alle tye op datum bly en dat alle opdragte/take voltooi en betyds ingehandig word.

2.15 Toetse en eksamens

- 2.15.1 Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders aan hulle opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sal in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers van die betrokke leerder vroegtydig 'n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die graadvoog, graadhoof en skoolhoof oorhandig.
- 2.15.2 Leerders moet hulle met die afneem van toetse en eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou.
- 2.15.3 Leerders mag nie op enige wyse met mekaar kommunikeer of enige steurnis tydens toetse of eksamens veroorsaak nie.
- 2.15.4 'n Leerder wat gedurende die aflegging van 'n toets of eksamen die lokaal in uitsonderlike gevalle moet verlaat en vergesel word deur 'n toesighouer om bv. die toilet te besoek, mag onder geen omstandighede die inhoud van die toets of eksamen vraestel met enige iemand bespreek of op enige manier oordra nie.
- 2.15.5 Indien daar nie aan die vereistes soos bepaal in bg. paragrawe voldoen word nie, sal daar 'n nulpunt aan die leerder vir die betrokke toets of eksamenvak toegeken word.
- 2.15.6 Eksamenversoeke kan slegs oorweeg word waar daar oorvleuling plaasvind.
- 2.15.7 Selfone en veeldoelige horlosies (smart) word nie toegelaat nie en mag geensins tydens eksamens/toetse gebruik word nie of in die leerder se besit wees nie. Die besit van bogenoemde tydens enige eksamen/toetse sal beskou word as oneerlikheid en die leerder sal dienooreenskomstig dissiplinêr aangekla word. Die toestelle moet in die leerder se tas gestoor word vir die duur van die skryfsessie.

2.16 Boelie / Afknouery (Liggaamlik of Emosioneel)

- 2.16.1 Leerders moet respek betoon teenoor mekaar ten opsigte van die oortuiging, kultuur, waardigheid en die regte van ander leerders, sowel as elkeen se reg tot privaatheid.
- 2.16.2 Alle leerders het die reg op opvoeding vry van inmenging, intimidasie en fisiese mishandeling.
- 2.16.3 Fisiese geweld, bakleiery of enige dreigement of intimidasie van watter aard ookal teenoor ander leerders, personeel en volwassenes, word streng verbied. Dit sluit speel-baklei in.
- 2.16.4 Enige vorm van aantasting van 'n persoon, volwassene of leerder se liggaamlike integriteit op watter wyse ookal, word verbied.
- 2.16.5 Emosionele teistering, aantasting van iemand se waardigheid, of enige vorm van karakterskending word volgens die gedragskode verbied en kan ook lei tot siviele of strafregtelike vervolging.

2.17 Godsdiensvryheid

Sien beleid ten opsigte van akkommodasie van godsdienstige en kulturele

regte – Bylae B

2.18 Persoonlike besittings

Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige item wat aan 'n leerder behoort nie; dus word waardevolle artikels op die leerder se eie risiko asook die van die ouers / voogde skool toe gebring. Indien onderwysers se eiendom beskadig word, behou die onderwyser die reg voor om 'n formele klag by die SAPD te gaan lê.

Maak seker dat alle persoonlike items (klere, skryfbehoeftes, ens.) gemerk is

2.19 Nasionale simbole, skoolkodes en –etiek

2.19.1 Geen leerder mag met minagting teenoor die Republiek van Suid Afrika se nasionale simbole of die skoolkodes optree nie.

2.19.2 'n Leerder wat met die skool geassosieer kan word, wat op enige plek of tydstip die skool se naam in diskrediet bring, kan tot verantwoording geroep word.

3 Dissiplinêre proses

Enige oortreding wat nie gelys is nie, sal deur die SBL of voogde hanteer word en binne die gepaste kategorie geplaas word n.a.v. die graad van oortreding.

Betrokkes:

Die volgende persone mag by die Dissiplinêre proses betrokke wees:

- Klaskapteins
- VRL
- Leerkragte / Afrigters
- Voogde/ Departementshoofde
- Dissipline en Sekuriteitshoof
- Adjunkhoofde
- Skoolhoof
- Dissiplinêre komitee
- Beheerliggaam
- WKOD
- SAPD

Die doel van die proses is bloot om as 'n riglyn of maatstaf te dien waarbinne oortredings geakkommodeer kan word. Die lys van oortredings vorm geensins 'n geslote kategorie nie en sluit derhalwe nie enige gedrag wat nie hier vermeld word, uit nie. Die voorgestelde strawwe vir oortredings is slegs aanbevelend van aard en die skool en die Beheerliggaam kan, indien dit binne diskresie nodig geag word, daarvan afwyk.

Oortredings kan op ad hoc basis van graad wissel na gelang van versagtende of verswarende omstandighede.

Waar skorsing as straf aangedui word, sal dit die besluit van die beheerliggaam wees en sal opgelê word deur die gedelegeerde personeellid.

Indien die leerders se oortreding n dissiplinêre verhoor regverdig en indien ouers onmiddellik die straf wil uitvoer, kan die ouers met die skoolhoof / adjunkhoof / dissiplinehoof onderhandel en die saak afhandel.

'n Brief sal aan die ouer gegee word wat deur die Voorsitter van die Beheerliggaam onderteken is. Die ouer moet dit onderteken. Die ooreenkoms word aangegaan tussen die SBL en die ouer. Volgens die besluit van 23 Maart 2011, word toestemming deur die Voorsitter van die SBL aan die hoof toegestaan om die onderhandelinge met die ouer(s)/voog(de) te voer.

3A SASPAC PUNTE

SASPAC punte sal aan leerders toegeken word vir beide positiewe optrede en negatiewe optrede. Positiewe punt sal toegeken word vir uitsonderlike positiewe gedrag en negatiewe punte vir oortredings van die gedragskode.

Die toekenning van positiewe punte sal berus op die uitsluitlike diskresie van die opvoeders en skoolbestuurspan. Positiewe punte kan aangewend word om negatiewe punte vir Graad 1 oortredings te kansleer, maar kan nie afgespeel word teen meer ernstige oortredings nie.

Wanneer die leerder n hoë aantal negatiewe punte teen hulle opgebou het, sal dissiplinêre aksie teen die leerder ingestel word.

Die prosedure wat gevolg word wanneer n hoë aantal SASPAC punte opgebou is, is soos volg:

100 punte	- Detensie
200 punte	- Detensie
300 punte	- Graadvoog kontak ouer/voog - SNA1 moet ingevul word. - Skoolberader mag sessie(s) met leerder hê - 3 Dae skorsing
400 punte	- Detensie
500 punte	- 5 Dae skorsing
600 punte	- Detensie
700 punte	- 7 Dae skorsing en skriftelike waarskuwing
800 punte	- Formele dissiplinêre verhoor

3.1 GRAAD 1

Word deur die klasonderwyser / vakonderwyser / afrigter / VRL / klaskaptein hanteer. SASPAC punte word aangeteken. Ouers word geskakel / SMS.

Oortredings word elektronies aangeteken.

Indien herhaaldelik oortree word of weier om opdrag uit te voer, word dit verwys na die graadvoog of gaan oor na Graad 2-oortreding.

3.1.1 GRAAD 1-OORTREDINGS (slegs riglyne)

- Laat vir skool / klas / oefening / wedstryd / aktiwiteit.
- Afwesigheid van sport-/kultuuroefeninge sonder geldige verskoning.
- Nie afwesigheidsbrief ingehandig nie.
- Huiswerk onvoltooid of nie gedoen nie.
- Gesels tydens onderrig.
- Eet, drink, kou in klas.
- Vergeet boeke tuis.
- Gesels / ontwrigtend tydens afkondiginge.
- Onordelike gedrag tydens klaswisseling.
- Gesels tydens buite-opening.
- Gesels tydens saalbyeenkoms.

- Onbevredigende voorkoms (kleredrag, hare, ens).
- Tasse wegsteek.
- Onwettige balspele.
- Kwetsende aanmerkings.
- Rommelstrooiing in klas of op terrein / sportterrein / skoolgebou.
- Ontwrig sport en LO oefeninge.
- Onsportiewe gedrag.
- Betree verbode terrein.
- Bemorsing van kleedkamers.
- Swak gedrag op pawiljoen / dreunsang / vuil liedjies.
- Wanordelike optrede.
- In teenwoordigheid van rokers, alhoewel nie self rook nie.
- Oneerlikheid / Leuns
- Speel musiek op Boom box of selfoon wat steurnis veroorsaak op die skoolgronde (insluitende gedurende pouse).

3.1.2 TUGSTAPPE: GRAAD 1-OORTREDING (Moontlike strawwe)

- SASPAC punte toegeken
- Kan gevra word om die klas / sportveld / funksie / pawiljoen / aktiwiteit te verlaat. Vir busoortreding kan die bus belet word.
- Taak nie betyds nie – sien assesseringsbeleid.
- Verwyder alle onwettige items en stoor vir res van die week. Indien wapens gekonfiskeer word, sal die ouers/voogde gekontak word om die items by die skool te kom afhaal. Onwettige middels wat gekonfiskeer word, sal by SAPS ingehandig word volgens die bepalinge van die Skolewet.
- Grimering / Baard / naels onmiddellik verwyder/skeer/knip. Die verwydering sal gefasiliteer word deur onderwysers/graadhoofde/dissiplinehoof. Indien die leerder weier sal die ouers/voogde gekontak word om die leerder by die skool te kom haal totdat die regstelling gedoen is.
- Leerder moet voorkoms (kleredrag) binne gegewe tydperk (soos deur graadvoog/adjunkhoof/skoolhoof/dissiplinehoof bepaal) regstel.
- Kan klas skoonmaak.
- Kan terrein skoonmaak – hanteer deur VRL.
- Neem bal by onwettige balspele af.
- Opvoedkundige gesprek met onderwyser / voog.
- Met herhaaldelike Graad 1-oortredings sal ouer/voog gekontak word.

3.2 GRAAD 2

Word deur die graadvoog of Hoof van Dissipline hanteer.

Skoolasseseringsonreëlmatigheidskomitee (SAOK) hanteer oneerlikheid in akademiese werk.

Oortredings word elektronies aangeteken.

Ouer moet skriftelik van die oortreding(s) in kennis gestel word en die datums vir detensie moet aangedui word.

'n Herhaaldelike graad 2-oortreding word 'n graad 3-oortreding.

3.2.1 GRAAD 2-OORTREDINGS (slegs riglyne)

- Herhaaldelike oortredings van graad 1-oortredings.
- Reageer nie op billike straf vir graad 1-oortreding nie.
- Ernstige, herhaaldelike gedragsprobleme.
- Vloektaal.
- Gedragsprobleme tydens funksies.
- Onbetaamlike fisiese kontak op skoolterrein.
- Uitdaging van gesag.
- Weiering om selfoon/enige verbode item te oorhandig wanneer gevang word tydens ontoelaatbare gebruik.
- Vertel leuens tydens ondervraging.
- Verlaat skool sonder toestemming ("bunk"/stokkiesdraai).
- Besit van sigarette/tabak/aanstekers/vuurhoutjies/vapes op skoolterrein / by enige skoolaktiwiteit.
- Rook of vape op terrein of buite skool in skoolklere of in privaatdrag by skoolfunksies.
- Oneerlik in eksamen of toets / vervalsing van dokumente / plagiaat. – SAOK hanteer aangeleenthede.
- Vandalisme.

3.2.2 TUGSTAPPE: GRAAD 2-OORTREDINGS (Moontlike strawwe)

- Graadhoof/Hoof van Dissipline moet die ouer telefonies kontak vir gesprekvoering.
- Detensie.
- Onttrek uit klasse totdat ouer gesprek word.
- Sport- / Kultuurdeelname kan opgeskort word.
- Nul vir vraestel / taak.
- Konfiskering van onwettige items.
- Selfoon word gekonfiskeer wanneer sigbaar of afgaan tydens klas.
- Skadevergoeding.
- Ontheffing uit alle leiersposisies; VRL, Klaskaptein, Sportkaptein, ens.
- SASPAC punte word gegee.

3.3 GRAAD 3

Word deur die graadvoog / adjunkhoof / skoolhoof / Hoof van Dissipline hanteer.

Oortredings word elektronies aangeteken.

Ouer moet skriftelik van die oortreding(s) in kennis gestel word en die datums vir detensie moet aangedui word.

Indien herhaaldelik oortree word of weiering om opdrag uit te voer, word dit verwys na die graadvoog of gaan oor na Graad 4-oortreding.

Dien as finale waarskuwing voordat daar oorgegaan word tot 'n formele beheerliggaam dissiplinêre verhoor.

3.3.1 GRAAD 3 - OORTREDINGS (slegs riglyne)

- Herhaaldelike oortredings van Graad 2-oortredings.
- Reageer nie op billike straf vir graad 2-oortreding nie.
- Vandalisme.
- Vals informasie verskaf / of versprei.
- Diefstal van skool / leerder / opvoeder / enige ander persoon se eiendom.
- Ernstige wangedrag teenoor die regte van 'n opvoeder / leerder / enige ander persoon (bv. verbale teistering).
- 'n Leerder maak op sosiale netwerke opmerkings en aanmerkings tot nadeel van die skool, onderwysers en leerders.
- Enige vorm van viktimisering, afknouery en intimidasie.
- Pornografie in besit op skoolterrein / buite terrein in skoolklere.
- Enige kommentaar of sketse op eksamen-antwoordbladsye en/of toetse.
- Volgehoue ontwrigting van die onderrigproses.
- Onverantwoordelike bestuur van voertuie / motorfietse op skool-terrein.
- Aanhitsery / Afneem (foto's/video's) by bakleiery.
- Peuter met veiligheidstoerusting soos brandblussers / brandkrane.
- Neem van video's / foto's van onderwysers / ander leerders sonder hulle toestemming en die verspreiding daarvan op enige platform.

3.3.2 TUGSTAPPE: GRAAD 3 - OORTREDINGS (Moontlike strawwe)

- Gesprekvoering tussen ouers en adjunkhoof/dissiplinehoof.
- Onttrek uit klasse totdat ouer gesprek word.
- Sport- / Kulturele deelname kan opgeskort word.
- Nul vir vraestel / taak.
- Skorsing (tot sewe skooldae).
- Skadevergoeding.
- Betrek SAPD in gevalle wat krimineel van aard geag kan word.
- Ontheffing uit enige gesagsposisie.

3.4 GRAAD 4

Alle graad 4-oortredings word direk na die Hoof van dissipline, adjunkhoof, Skoolhoof of Beheerliggaam verwys.

Oortredings word elektronies aangeteken.

Ouers moet skriftelik van die dissiplinêre verhoor in kennis gestel word. Daarna volg die normale dissiplinêre prosedure soos uiteengesit in die Skolewet.

3.4.1 GRAAD 4-OORTREDINGS (Slegs riglyne)

- Herhaaldelike oortredings van Graad 3-oortredings.
- Weiering om graad 3-straf te aanvaar en / of uit te dien.
- In besit van, onder die invloed van en / of gebruik van alkoholiese drank of verdowingsmiddels op die skoolterrein, in skoolklere of by enige skoolverwante geleentheid. Aanklagte sal gebring word na toepassing van

die Dwelmsbeleid van VHS. (Bylae C)

- Handeldryf in dwelms / verspreiding daarvan.
- Fisieke aanranding of wapen/voorwerp op iemand rig (of met wapen / voorwerp dreig).
- Bende-aktiwiteite.
- Bomdreigemente / Vals alarms.
- Skuldigbevinding aan kriminele oortreding.
- Seksuele oortreding / daad / betasting / ontbloting, ens.
- Vloek, verkleineer of viktimiseer personeel / gesagsfiguur.
- Besit van gevaarlike wapens bv. messe, vuurwapens, plofstof, ens.
- Brandstigting.
- Vandalisme.
- Rassisme.
- Diefstal van skool / leerder / opvoeder / enige ander persoon se eiendom.
- Ernstige wangedrag teenoor die regte van 'n opvoeder / leerder / enige ander persoon (bv. verbale teistering).

3.4.2 TUGSTAPPE: GRAAD 4-OORTREDINGS (moontlike strawwe)

- Waar die veiligheid van leerders / onderwysers in gevaar gestel word, word die leerder onmiddellik huis toe gestuur.
- Formele skoolbeheerliggaam dissiplinêre verhoor.
- Betrek SAPD waar aksies geag word as krimineel van aard.
- Skorsing (tot en met 7 dae).
- Finale waarskuwing
- Aanbeveling tot permanente uitsetting.

Ander voorbeelde van voorregte wat vir enige oortredingsvlak opgeskort mag word:

- Bywoning van funksies.
- Bywoning / deelname aan Interskole.
- Formele dans en ander funksies.
- Oscars.
- Sport: Alle wedstryde.
- Vraesessies met hoof.
- Kampe.
- Oorplasing na ander klas / of akademiese hulp.
- Erkenningsgeleentheid deelname ontsê, bv. Prysuitdeling.
- Mag nie die matriekafskeid bywoon nie.
